# Openbaringshistoriese aksente: owerheidstaak en godsdiens

J.L. Helberg
Dept. Ou en Nuwe Testament
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

**Abstract**

*This article highlights some revelation-historical accents of Scripture which provide a background for understanding the task of public authority concerning religion. These accents concern the demand of Scripture that the sovereignty of God should be acknowledged and, simultaneously, the opposition of Scripture against formalism, and its emphasis on personal conviction, responsibility and engagement. Only when this demand and the Scriptural accent are taken into account the handling of the matter (inter alia as formulated in article 36 of the Belgic Confession) can be accompanied by freedom, responsibility and vitality, else with repression and stagnation.*

## 1. Inleiding

Die doel van hierdie artikel is om uit die openbaringsgeskiedenis enkele Skriftuurlike aksente te belig – aksente wat 'n agtergrond en perspektief bied vir die verstaan van die owerheid se taak in verband met godsdiens en godsdiensbeoefening. Binne hierdie perspektief gaan dit tegelykertyd oor die Skrif se eis dat die heerskappy van God erken moet word met die klem op persoonlike oortuiging, verantwoordelikheid en betrokkenheid asook met die klem op die Skrif se afwysing van formalisering. Alleen wanneer hierdie eis en beklemtoning in aanmerking geneem word, impliseer die owerheidstaak ten opsigte van godsdiens vryheid, verantwoordelikheid en lewenskragtigheid. Indien die owerheidstaak (soos byvoorbeeld geformuleer in artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis) egter nie sodanig geïmplimenteer word nie, kan dit lei tot onvryheid en stagnering.

## 2. God regeer en dit moet erken word

Van sy heel eerste hoofstukke af verkondig die Skrif dat God die Skepper en Regeerder van alle dinge is (Gen. 1 e.v.; Ps. 8,24,33; Dan. 2,7). Die skepping

self getuig onhoorbaar maar tog in duidelike taal hiervan (Ps. 19:2-7). Wat die redelose skepsele onbewustelik doen, moet die mens bewustelik doen, veral omdat hy die Woordopenbaring van God ontvang het (Ps. 19:8-12). God se verlossingswerk gaan gepaard met 'n verpligting, soos blyk uit die noue verbinding van die redding uit Egipte en die wetgewing te Sinai. Hierdie aspek van God se verlossingswerk tree in werking nog voor die intog in Kanaän (vgl. Stek, 1978). God se geregtigheid is 'n bevrydende sowel as 'n verpligtende geregtigheid en behels die beoefening van die regte verhouding tot God en die naaste (vgl. Bindemann, 1992:564).

Die vraag is nie *of* God en sy heerskappy bely moet word nie, maar *hoe* dit gedoen moet word. Trouens, om die Here te dien is die beginsel van kennis of wysheid – so leer die wysheidsliteratuur (Spr. 1:7; vgl. ook Gen. 2 oor die boom van kennis). Die eis geld ook vir regeerders (Spr. 30:1-3) – 'n feit waarvoor daar ooreenstemming onder die gereformeerde teoloë en kerke is. Polman (s.j.:266-273) wys op die volgende grondbeginsels van ooreenstemming:

* Elke skepsel moet God se eer verhoog, ook die owerheid, wat deur God ingestel is.
* Die owerheid is in sy regering aan God se Woord en in besonder aan God se wet gebind.
* Die onderskeid en die selfstandigheid van die kerk en die owerheid moet steeds gehandhaaf bly.
* Die Skrif eis voortdurende samewerking tussen laasgenoemdes.

Daar word in gereformeerde kringe gewoonlik onderskei tussen die vereistes van verskillende lewensterreine ('soewereiniteit in eie kring' volgens die Wysbegeerte van die Wetsidee; vgl. Spier, 1938:54-59 vir 'n bondige bespreking van hierdie benadering). Hiervolgens word byvoorbeeld geredeneer dat die onderwys nie die taak van die staat of die kerk is nie, maar van die ouers (vgl. Van der Walt, 1992). In hierdie kringe sal dit oor die algemeen nie as 'n vereiste gestel word dat daar by 'n sportbyeenkoms, werksplek of sakeonderneming gebid en openlike, hoorbare getuienis oor God gegee word nie. Die aard van sodanige getuienis is anders en vereis 'n andersoortige erkenning. Daar word wel vereis dat die Christen hom moet onderskei deur die wyse waarop hy sy pligte vervul en deur 'n persoonlike belydenis van God volgens die eis van die geleentheid.

Die vraag moet dus beantwoord word of en in hoeverre dit noodsaaklik is dat aan die belydenis oor God eksplisiete, woordelike uitdrukking, of verder formele of strukturele gestalte gegee moet word, en of dit oral en in alles moet gebeur en veral hoe dit die taak van die owerheid raak. Die antwoord vereis dat gekyk word hoe die Skrif teenoor formele, institusionele, strukturele aspekte in die algemeen en teenoor die aandeel van die owerheid in besonder staan. In hierdie

opsig sal veral aandag gegee word aan die Ou-Testamentiese gegewens, maar die lyn sal tot in die Nuwe Testament gevolg word.

## 3. Is formele strukture 'n vereiste?

By die skepping van die wêreld en die opdrag aan die mens volgens Genesis ontbreek 'n formele en institusionele element heeltemal: die mens se opdrag is om die aarde te bewoon en te bewerk en oor die ander skepsele te regeer (Gen. 1:28) en om die tuin te bewerk en op te pas (Gen. 2:15). In hierdie Skrifgedeelte is selfs nie sprake van 'n kultiese opdrag nie. Anders as by ander volke se weergawes (vgl. Vriezen, 1966:403) begin die mens se geskiedenis volgens die Ou Testament nie met iets institusioneels soos 'n stad of 'n staat nie, ook nie met die mensdom as 'n groep, hetsy nasionaal hetsy universeel nie, maar as 'n indiwidu, of 'n mensepaar. Persoonlike en familiale verbande is dus grondliggend en is meer primêr as dié wat op die staatsterrein lê (vgl. Fohrer, 1972:207,225, 226; Frame, 1989:214). Dit is wel duidelik dat die mens met sy hele lewe in God se diens staan en onder God se heerskappy op die aarde moet regeer. Die verbod op die eet van die boom van kennis behels dat ook die mens se beoefening van kennis, sy beoordeling van dinge, doelbewus aan God ondergeskik gestel moet word. Die mens staan onder die eintlike Wetgewer en moet sy wil in alles erken en gehoorsaam, en wel in die normale gang van die lewe. Die mens het die neiging om antwoorde en oplossings op 'n onpersoonlike manier te soek: in dinge, soos in die vrug van die kennisboom as sodanig (Gen. 3:6: "Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet ... omdat dit kennis kan gee ... en hy het geëet"). Vir God is die verhouding tot Hom en sy wil egter belangrik: die mens moet vra hoe die boom se vrug wat hy wil eet, in verhouding tot God en sy wil staan (Gen. 3:11: "Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie?").

Die neiging tot verontpersoonliking en versaakliking kom ook tot uiting in die mens se strewe na eenheid by Babel (Gen. 11). Eenheid word gesoek in die bou van 'n stad, nie in die verhouding tot God en die naaste nie – die fokus is op organisasie, administrasie, tegniek, ekonomie, ensovoorts. God daarenteen belowe seën en eenheid op 'n persoonlike manier: Hy belowe nie 'n ander stad nie maar roep 'n mens, Abraham, en beloof dat daar deur hom seën en eenheid sal kom. Die belofte van seën en eenheid sal op 'n persoonlike manier gebeur: deur geloof in die God van Abraham (Gen. 12:1-3; vgl. Helberg, 1991:486-488). Op 'n soortgelyke wyse is 'n persoon, Christus, uiteindelik die bemiddelaar van die eenheid (Frame, 1989:219 wys op die rol van die familie as instrument van die inkarnasie). In die beskrywing van die aartsvaders se bestaan is dit veral hulle persoonlike lewe en optrede wat as belangrik opgeteken word, en nie iets institusioneels nie. Daar word wel gesê dat die aartsvaders altare gebou het en bepaalde godsdiensplegtighede waargeneem het en daar aanbid het (Gen. 12:7,8;

13:4,18; 26:25). Hulle het egter nie bepaalde ampte beklee nie en word nie met formele instellinge of iets dergeliks verbind nie.

Van die tyd van die konings af vertoon die lewe in Israel 'n sterker stadskarakter en sterker geïnstitusionaliseerde aard (vgl. Dentan, 1972; Fohrer, 1972:209-215; Schmidt, 1983:144-152,182-206 vir die ontwikkeling van die begrip *koningskap* en *koninkryk* in die Ou Testament). Die geïnstitusionaliseerde aard kan maklik ontaard in formalisme wanneer die heil van 'kerk' en staat sterk gesoek word in die openbare nakoming van verpligtinge oor feeste en offers en ander godsdienstige plegtighede:

> Julle sê: 'Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!' Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is, moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees onreg aandoen nie, moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie land nie en moenie ander gode dien nie ..., vgl. Jer. 7:2-10; verder Jes. 1:11-15; Am. 4:1-4;5:21-24.

Die koning probeer maklik om die godsdienstige plegtighede tot sy voordeel aan te wend en hy bevoordeel dikwels die bekleërs van godsdienstige ampte op so 'n manier dat hulle hom en die gevestigde orde na die mond praat (Jer. 5:28,31). So 'n handelswyse lei maklik tot selftevredenheid en valse gerustheid:

> Jou leiers lewer uitspraak vir omkoopgeld, jou priesters gee onderrig teen salaris, jou profete maak voorspellings teen betaling en tog verwag hulle hulp van die Here! (Miga 3:11).

Volgens Jeremia word mense wat 'n ander geluid oor sake laat hoor, deur die owerheid en die godsdienstige leiers stilgemaak en selfs vervolg (Jer. 36-38). Die godsdiens word sterk gesien as basies tot voordeel van die staat en die volk, in plaas van tot eer van God deur die regte beoefening van die verhouding tot God en die naaste. Om daardie rede, so word gevoel, moet die godsdiens 'n geïnstitusionaliseerde plek kry. Godsdienstige mag en staatsmag saam sorg dat daar opgetree en gedink word binne die bane soos deur die bekleërs van daardie posisies beoordeel (vgl. Bright, 1953:41-44).

Reeds van die instelling van die koningskap af word daar egter 'n korrigerende geluid gehoor teen institusionalisering, waarin die fokus gerig is op instellinge as sodanig in plaas van op die verhoudinge waarvoor hulle bestaan en wat deur hulle gedien moet word. Die volk plaas hulle vertroue op 'n instelling as sodanig, die koningskap. Die verhouding tot God, die dien van God, word egter nie in hulle versoek verdiskonteer nie. Samuel waarsku egter en wys daarop dat die gevolge van so 'n verontpersoonlikende benadering verontpersoonlikend en verslawend sal wees in plaas van bevrydend. Die volk se persoonlike belange sal nie in aanmerking geneem word nie maar hulle en hulle kinders sal aan die staatsbelang opgeoffer word (1 Sam. 8:11-17).

Ook by Dawid se plan om 'n tempel vir die Here te bou, word 'n neiging tot institusionalisering gekorrigeer. Die bou van 'n tempel deur die koning sal 'n baie noue institusionele verbinding maak tussen staat en 'kerk' en maklik lei tot 'n staats(beheerde) godsdiens. Verder hou dit die gevaar in dat God in die gemoed van die volk 'n passiewe God word, prakties beperk tot die 'kerklike' en staatsgeboue en instellinge. God wys daarom vir Dawid daarop dat Hy 'n God is wat in die geskiedenis en in die alledaagse lewe aan die werk is: Hy het Israel uit Egipte gelei en Hy was by Dawid agter die skape en in wat hy daarna gedoen het (2 Sam. 7:6-11). God wil veral in die alledaagse lewe gedien word (Helberg, 1990: 173). In plaas van in 'n tempel wil Hy onder mense woon; Hy wil veral 'n besonder persoonlike verhouding met Dawid se seun hê, 'n vader-kindverhouding (2 Sam. 7:14). Anders as by ander nasies, is dit egter nie 'n natuurlike verhouding nie en is die koning nie Goddelik nie, maar 'n aangenome seun van God (Ps. 2:7; 89:26; vgl. Zimmerli, 1972:77,78; Vriezen, 1966:398). Die koning is net so aan die wet van God onderworpe as enige ander lid van die verbondsvolk (Deut. 18:20) en hy moet reg en geregtigheid laat geskied, veral teenoor die hulpelose en arme (Jer. 22:15,16). Die profeet het 'n korrigerende taak in verband met die koning, soos blyk uit Natan se optrede om Dawid tot verantwoording te roep oor sy vergryp aan Batseba (2 Sam. 12). Die koning staan in diens van God. Hierin lê sy gesag asook die grense daarvan (vgl. Vriezen, 1966:308; vir die vereniging van die familiale en politiese funksie in die koning, vgl. Westermann, 1978:93). God, nie die koning nie, staan in die middelpunt (Fohrer, 1972:217-219). 'n Mens moet God met jou hele wese en al jou krag liefhê (Deut. 6:4 e.v.). Dit is opvallend dat die verwagtings van die ideale, messiaanse koning juis verbind is met 2 Samuel 7 (vgl. Zimmerli, 1972:78) wat hierdie persoonlike inslag het. Dawid se staat was as 't ware 'n persoonlike en persoonsbepaalde staat (Fohrer, 1972:215).

## 4. Die profetiese nadruk op godsdiens in alledaagse verhoudinge: geregtigheid

Die profete het baie klem gelê op God se heerskappy oor die hele wêreld en die hele lewe en het verder baie sterk te velde getrek teen formalisme op alle gebiede van die lewe. Hulle het klem gelê op 'n mens se persoonlike verhouding met God en die naaste soos dit in die daaglikse lewe gestalte kry. Die hoorders is voortdurend opgeroep tot beoefening van reg en geregtigheid en liefde, veral teenoor die armes, weduwees, weeskinders en vreemdelinge (Jes. 3:14,15; 5:16; 10:2; 58:7; Jer. 5:28; Hos. 2:18-22). Die profete het hierdie laaste eis so sterk gestel dat hulle dikwels 'n teenstelling gemaak het tussen reg en geregtigheid enersyds en die nakoming van die seremoniële en institusionele verpligtinge andersyds.

Hierdie beklemtoning kom refreinagtig in die Ou Testament voor:

> Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here ... As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap? ... Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die saak van die weduwees" (Jes. 1:11-13,17).

> Ek haat, Ek verafsku julle feeste, Ek het niks aan julle feestye nie. Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie ... Maar laat die reg en die geregtigheid tevoorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom (Am. 5:21-24).

> My straf oor julle kom so seker soos die lig, want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers" (Hos. 6:6; vgl. ook Am. 4:1-5; Jer. 7:4-6,22).

Selfs Israel se belydenis (oor die verbond, vgl. "Die Here is by ons – Miga 3:11) en gevolglik hulle formele en openbare erkenning van God se heerskappy, is in die oog van God niks werd as daar nie reg en geregtigheid beoefen word en God nie in die daaglikse doen en late gedien word nie. Aanbidding en etiek moet saamgaan (Carroll, 1986:209).

Die profete was nie in beginsel teen die seremoniële en institusionele gekant nie (McKane, 1982:266), maar sê baie duidelik waarom dit eintlik in die lewe moet gaan en waar die aksente gelê moet word. Jesus verkondig dan ook dat dit in die Ou Testament as geheel gaan om verhoudinge, die verhouding tot God en die naaste (Matt. 22:37-40). Geregtigheid (צֶדֶק) in die Ou Testament moet nie bloot juridies (geregtelik) of soteriologies (verlossend) gesien word nie (vgl. Johnson, 1989:903 vir die verskillende standpunte), ook nie bloot as gemeenskapsgetroue optrede nie, maar as 'n verbondsmatige en koninkryksmatige begrip (vgl. Eichrodt, 1961:249; Helberg, 1992). Die uitgangspunt vir die eis om reg en geregtigheid is teosentries: nie die mens en sy reg nie, maar God en wat Hom toekom (vgl. oor menseregte, Du Toit, 1990; Velema, 1980; Reformed Ecumenical Synod, 1983). Die profete roep mense ook nie op om op hulle regte te staan nie, maar hierdie regte word gewaarborg deur die sterk en onophoudelike nadruk op elkeen se verantwoordelikheid teenoor ander (Helberg, 1992:252).

So gaan dit ook in die politieke optrede om persoonlike beslissing en verantwoording van die enkeling. Die staat moet die ruimte skep vir so 'n gemeenskapslewe. Die staat het 'n dienende karakter en bestaan nie ter wille van homself nie (Fohrer, 1972:225, 231).

## 5. Vanaf die ballingskapstyd

Die ballingskap was van besonder ingrypende betekenis in die geskiedenis van Israel (die verlossing hieruit word selfs ingrypender geag as die uittog uit Egipte

(Jer. 16:14; 23:7,8)). As gevolg van die ballingskap word 'n drastiese verandering in Israel se staatsbestel ingelui: die onafhanklike staats- of regeringsinrigting kom prakties tot sy einde en Israel moet nou leer om nie vanuit 'n magsposisie nie maar vanuit 'n onderhorige posisie getuienis te lewer van God se mag en sy reddende trou. Nou gaan die verbondsvolk 'n periode in waarin hy saam met ander nasies onder die bestuur van vreemde, heidense nasies staan. Dit is ook prakties verby met die koningskap in Israel (Gray, 1979:151-173). Reeds sedert die instelling van die koningskap het 'n negatiewe en tegelykertyd positiewe gevoel daarteenoor bestaan (1 Sam. 8; vgl. Zimmerli, 1972:73; Fohrer, 1972: 214). Hierdie ambivalente gevoelens hou verband met die gevaar van staatsabsolutisme. Hierdie ambivalensie het veral na die negatiewe kant toe uitgewerk: die verlies van koningskap word deur Israel redelik maklik verteer. Trouens, die koningskap was 'n laat en sekondêre instelling in Israel. Dié volk het sy basiese beslag gekry voor Israel 'n koning, land of staat gehad het, naamlik by die uittog uit Egipte, die wetgewing by Sinai en die veertig jaar lange reis deur die woestyn.

Veral die konings word gesien as die oorsaak van die ondergang van Israel en die wegvoering in ballingskap. Die verwagtings word meer en meer gevestig op 'n koning wat die volk sal lei in aanbidding maar nie sal domineer nie (Eseg. 45:8,9,17 e.v.; 46:1 e.v.; vgl. Blenkinsopp, 1984:205,6), en verder veral op 'n toekomstige verlosser of messias (Vriezen, 1966:398) wat veral verbind is met die geslagslyn van Dawid (2 Sam. 7; Jes. 9:1-6; 11:1-12; Jer. 23:5,6; Eseg. 34:23 e.v.; vgl. Preuss, 1992:36, 37). Die klem val dus op die persoonlike vlak en die innerlike en verder op die eskatologiese vlak, weens die onbereikbaarheid van die verwagtings in die praktyk:

> Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here ... Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê (Jer. 31:31-34; vgl. ook Eseg. 36:26,27; Hos. 2:18-22).

Ook verkondig die Ou Testament 'n verlosser wat nie as 'n magtige koning geteken word nie maar inteendeel as 'n lydende dienaar (Jes. 53). Met hierdie beklemtoning word 'n nuwe dimensie in die eis om geregtigheid ingebring en meer gevra as om net reg en geregtigheid te eis: die bereidheid om onskuldig te ly *deur* die skuldiges (enkelinge en volke) en tegelykertyd *ter wille van* hulle (Jes. 53:12). Die volk lê die aksent egter so sterk op 'n magtige institusioneel staatkundige verlossing en verlosser dat die verkondiging van Jesaja 53 weinig weerklank vind en hulle uiteindelik vir Christus, die eintlike lydende dienaar, verwerp (Matt. 27: 11-31).

Die boek Daniël werp belangrike lig op Israel se situasie in die ballingskapse en na-ballingskapse tyd, veral soos saamgetrek in die Makkabese tyd, meer bepaald die tyd van geloofsvervolging onder die Siriese vors Antiogus Epifanes (Childs, 1979:616,617). Israel word nie in 'n magsposisie geteken nie maar in 'n onderhorige posisie en uiteindelik selfs in 'n posisie van geloofsvervolging. Die boek plaas 'n sterk klem op getuienis oor God se mag en regering, soos blyk uit die woorde en optrede van Daniël en sy vriende: "Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en mag behoort ... " (2:20-23); "Daar is 'n God in die hemel wat geheime kan openbaar ... " (2:28; vgl. ook 1:8,20; 2:28; 3:17,18; 6:11). Ook die heidense regeerders Nebukadnesar en Darius lê sodanige getuienis in hulle lofsegginge af, en wel nadat hulle tot oortuiging gebring is (2: 47; 4:37; 6:27,28). Persoonlike getuienis vanuit persoonlike oortuiging staan in hierdie boek voorop, nie iets geïnstitusionaliseerds nie (vgl. Kreuzer, 1983:295 oor Darius se belydenis, en Van Rooy, 1991:38,39 oor die situasie in die Persiese tyd – Esra, Nehemia, Ester en Mordegai).

Die boek Daniël het 'n sterk eskatologiese aksent (hfst. 7-12 het meer bepaald 'n apokaliptiese aard; vgl. Lebram, 1984:14,15,32-37 oor die aard van apokaliptiek). Die boek stel 'n andersoortige regering en ryk in vooruitsig: terwyl apokaliptiese boeke oor die algemeen 'n sterk deterministiese en meganiese inslag het (Russell, 1964:230-234; Lacocque, 1988:99), benadruk die boek Daniël God se heerskappy oor alles en word sy optrede en dié van die mense in 'n religieus-etiese lig beoordeel. Klem word gelê op die mens se basiese menslikheid en verantwoordelikheid wat die grense van die institusionele en formele groep deurbreek en die ware betekenis van die menslike bestaan raak. Ook word daar teruggegaan na die begin en basis van die geskiedenis en die menslike bestaan (Lacocque, 1988:93,94,145-161; Maier, 1982:280,281): die regeerder sal "iemand soos 'n menslike wese" wees ( כְּבַר אֱנָשׁ, Dan. 7:13), die tweede Adam. Met hierdie beskrywing word hierdie regeerder se menslikheid aangedui in teenstelling tot die dierlike aard van hierdie wêreld se ryke, wat daarom as diere voorgestel word. Maar hierdie regeerder sal tegelykertyd "in die wolke" aankom, dit wil sê van boaardse herkoms wees. Alleen wanneer sodanige immanente en tegelyk transendente elemente teenwoordig is, kan ware heerskappy in hierdie wêreld verkry word. Volgens die boek Daniël vereis ware regering dus die aanbreek van die eskatologiese tyd (vgl. verder punt 7 hier onder).

## 6. Die tyd van Christus en die ontstaan van die kerk

Die feit dat die Woord mens geword het, sê dat God nie net belangstel in 'n geestelike ryk nie, maar dat stoflike instellings en strukture belangrik is; egter nie almal nie en die ander nie ongekwalifiseerd nie. Daarom is dit besonder belangrik om daarop te let dat Christus se koms plaasvind wanneer die verbondsvolk nie

staatkundige mag of selfstandigheid het nie. Christus doen ook niks om so iets vir Israel te bewerkstellig nie, nie voor sy dood nie en ook nie na sy opstanding wat die beseëling van sy oorwinning oor die dood en helse magte is nie. Die kerk word gebore en groei en bloei sonder dat die verbondsvolk staatkundige mag of selfstandigheid het – inteendeel, hulle staan onder 'n heidense owerheid. Hierdie owerheid word erken as wettig (Matt. 22:21) en as 'n dienaar van God (Rom. 13: 1; 1 Petr. 2:17) – 'n owerheid wat op gehoorsaamheid en selfs voorbidding van Christene aanspraak het (1 Tim. 2:1,2). Die voorgaande bevat 'n duidelike vingerwysing dat die Christelike godsdiens en die kerk nie van die staatsmag afhanklik is nie en nie sy krag daar moet soek nie.

Christus stel veral in die bergrede vir die burgers van die koninkryk andersoortige vereistes as ander koninkryke: die klem val ten volle op sy gelowiges se diensbaarheid teenoor God, mekaar en ander mense, en nie op heerskappy nie (Matt. 5). 'n Eie regering vir die Christene is in Christus se prediking en in die hele Nuwe Testament glad nie in die fokus nie: die aksent lê vir die Skrif elders. Die Nuwe Testament is gerig op die gemeente en nie op die staat, waarin hulle nie 'n inset kon lewer nie. Die gerigtheid is op die verantwoordelikheid wat elke lid as deel van die hele liggaam het (*justitia contributiva*, nie *justitia distributiva* nie; Bindemann, 1992:568).

Die boek Daniël en die Nuwe Testament verkondig dus nie dat Christene net saam met ander Christene in 'n regering kan dien nie, maar wel dat hulle hulle in 'n regering moet beywer vir reg en geregtigheid en vir die erkenning van die heerskappy van God, veral deur persoonlike getuienis en lewensvoorbeeld. Voorop staan die persoon en persoonlike taak, verantwoordelikheid en roeping: iets lewends, sprekends en oortuigends, eerder as iets wat in instellings, seremonies of strukture vasgelê word (Kratz, 1991:285). Hierdie persoonlike aksent is in volle harmonie met dit waarop die profete gehamer het. (Dit is weens die verdiskontering van hierdie persoonlike element dat die NGB praat van "owerheid" en "owerhede" en nie bloot van 'n onpersoonlike "staat" nie. Laasgenoemde staan nader aan dit waarteen Samuel die volk Israel gewaarsku het by die instelling van die koningskap, soos bo aangetoon; vgl. verder die bespreking in punt 8). Ondanks die beste bedoelings met die proklamering van die kerk as staatskerk, is hierdie waarskuwing sowel as dié van die profeet Natan by Dawid se voorgenome tempelbou, nie deur Konstantyn en daarna in aanmerking geneem nie. Hoewel daar aanvanklik skynbare welslae vir die verbreiding van die evangelie gevolg het, het die kerk sy geestelike verlede verloën (Bakhuizen van den Brink, 1965:135 e.v.). Hierdie gebeurtenis was gevolglik tot groot nadeel vir die kerk en het bygedra tot die stagnering van die persoonlike geloofsgetuienis, tot geïnstitusionaliseerdheid en formalisering van die godsdiens in kerk en staat, tot magsug en 'n fatale magstryd tussen kerk en staat en tot bloedige godsdiensoorloë.

## 7. 'n Eskatologiese aksent

In die boek Daniël en die verkondiging van Jesus Christus is daar 'n sterk eskatologiese aksent in verband met die kwessie van regering: daar word rekening gehou met die huidige sondige, gebroke werklikheid waarin die ideale situasie nie bereikbaar is nie. In sowel die boek Daniël as in die Nuwe Testament word opgetree, nie asof ons in 'n bedeling van gerealiseerde eskatologie leef nie, maar in die tyd van die nog-nie. Eerder as om vir die ideale situasie te wag, moet die gelowiges binne 'n ongunstige en selfs vyandige atmosfeer optree en dus 'n ander krag openbaar en ander metodes gebruik as dié van staatsmag, naamlik deur getuienis. Ook wanneer hulle 'n staatkundige magsposisie kan vorm, moet hulle dus eerder optree asof hulle sonder dwingende mag is en veral deur oortuiging en oorreding tot die gestelde doel kom (vgl. 'n soortgelyke ambivalensie by Paulus – 2 Kor. 6:7-10).

Die eskatologie van die Skrif is nie 'n vergeestelikende eskatologie, waarvolgens die materiële lewe, insluitende staatkundige sake en staatkundige opset, geen rol speel nie. Die uitgangspunt is God se algemene genade aan mense – dat alle mense ondanks die sondeval nog beeld van God is (Gen. 9:6) en dat ons nog in die bedeling van die oproep tot bekering is. Die Christen staan in sy verhouding met mense van 'n ander geloof nie veroordelend nie, asof hulle deur God afgeskryf is nie, maar getuigend, sodat hierdie persone tot bekering opgeroep kan word. In hierdie opsig gaan dit nie net om God se 'saak' of om God se 'eer' nie, maar tegelykertyd om hierdie persone se heil, soos blyk uit die toonaard van die boek Daniël en die houding teenoor Nebukadnesar en Darius (Dan. 4:27; 6:22, 23). Die Christenowerhede (persone) moet veral deur persoonlike oortuigingskrag en deur woord en daad hierdie taak uitvoer. Hierin veral, en nie soseer in formele instellings en strukture of in blote dwingende proklamering van God se heerskappy nie, lê Christenowerhede se krag, invloed en oorreding. Christus is Koning, Hy regeer, maar sy koninkryk het (nog) 'n ander aard as dié van dwang (vgl. die bergrede, Matt. 5). Voor sy wederkoms leef ons nog in die bedeling van die 'reeds-en-tog-nog-nie'. Die taak van die owerheid het nie bloot 'n Christologiese fundering nie maar 'n fundering in God die Skepper. Tog is Christus Koning en is aan Hom alle mag in hemel en op aarde gegee (Matt. 26:64; 28:19). God se koningsheerskappy kan dus ook nie los gesien word van Christus en die aksent wat Hy vir hierdie bedeling gebring het nie (Kratz, 1991:285,286; Welker, 1992:512). Daar is dus nie bestaansruimte vir 'n gerealiseerde of 'n realiserende eskatologie aan die kant van die staatsowerheid nie – 'n eskatalogie wat wel nie so sekulariserend soos die bevrydingsteologieë is nie, maar 'n soortgelyke dwangkarakter het.

## 8. Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis

Artikel 36 NGB (vgl. Berymde Psalms, 1987:518-519) handel oor die taak van die owerheid en die gehoorsaamheid wat aan hom verskuldig is. Die bespreking in hierdie artikel gaan egter slegs oor die taak rakende die kerk en die godsdiens soos geformuleer in die hersiene vertaling van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA), die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk. Artikel 36 NGB was reeds aan die begin van hierdie eeu vir gereformeerde Kerke 'n verleentheid en is deur sommiges drasties verander of geskrap (vgl. Gispen, 1932:257; Polman, s.j.:282-304; Van Drimmelen, 1990:197). Ook die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika het probleme met die artikel ondervind (GKSA, 1979:478) maar het saam met die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Nederduitsch Hervormde Kerk die tersaaklike gedeelte van die vertaling soos volg gewysig:

> En dit is nie alleen hulle taak om aan die staatsbestuur aandag te gee en daaroor te waak nie maar ook om die heilige Woordbediening te beskerm, om sodoende alle afgodery en valse godsdiens teen te gaan en uit te roei, die ryk van die antichris te vernietig en die koninkryk van Jesus Christus te bevorder, die Woord van die evangelie orals te laat verkondig, sodat God deur elkeen geëer en gedien word soos Hy in sy Woord beveel.

Die basiese wysiging is die invoeging van "en sodoende". Daar is geoordeel dat volgens die Franse teks die owerheid die Woordbediening moet beskerm maar die res 'n gevolg van die Woordbediening is en nie die taak van die owerheid nie (GKSA, 1949:213-229,320; 1979:478). Polman (s.j.:284-288) ag so 'n vertaling as in stryd met die historiese gegewens, wat wys dat daar ten tyde van die ontstaan van die artikel inderdaad aanvaar is dat die owerheid die taak het om afgodery uit te roei ensovoorts. Om hierdie rede het die Gereformeerde Kerke in Nederland, mede as gevolg van die totalitêre staatsopvatting in daardie tyd, byvoorbeeld die Nasionaal-Sosialisme in Duitsland, die artikel gewysig en klem gelê op die beperkinge van die staat se taak (Gereformeerde Oecumenische Synode, 1949:62; Polman, s.j.:304). Die gewysigde artikel lui:

> En aldus geroepen bij te dragen tot de opbouw van een Gode welgevallige samenleving der mensen heeft de Overheid, in onderwerping aan de wet Gods, zich verre houdende van alle volstrekte machtsoefening, op het aan haar toevertrouwde terrein en met de haar toekomende middelen, iedere belemmering voor de prediking van het Evangelie en voor geheel de heilige dienst van God weg te nemen, opdat de Woord des Heren zijn loop hebbe, het Koninkrijk van Jezus Christus voortgang vinde en alle antichristelijke macht word tegengestaan.

Die Christian Reformed Church van Noord Amerika het dieselfde weg opgegaan (Gereformeerde Ekumeniese Sinode, 1958:32).

Ondanks die verskille is daar 'n basiese ooreenstemming (soos gesien in 1). Selfs met die huidige Afrikaanse bewoording is daar egter nog meningsverskil oor die verantwoordelikheid en mag van die owerheid in die onderhawige sake. Veral die praktiese hantering van artikel 36 NGB lewer probleme op.

Die huidige Afrikaanse bewoording is in ooreenstemming met die Skrifgegewens soos bo bespreek is. 'n Formulering waarvolgens die staat sonder meer die taak het om afgodery uit te roei, ensovoorts kan nie hierdie toets deurstaan nie.

Daar moet enersyds 'n duidelike onderskeiding tussen die taak van die kerk en die burgerlike owerheid gemaak word, maar andersyds nie 'n totale skeiding nie. Elk het sy eie aard en funksie, maar ook raakvlakke met die ander.

Die menslike neiging tot institusionalisering van die geloof binne die kerklike sowel as die owerheidsverband moet voortdurend bestry word. Veral die Reformasie het 'n belangrike stoot aan hierdie aspek gegee (vgl. die klem op die inhoud van die geloof en nie bloot samestemming met die kerk nie, die klem op die Woordbediening eerder as op die sakramente, op die persoonlike geloof en daarom op die persoonlike ondersoek van die Skrif en dus ook op die vertaling van die Skrif in die moedertaal van die bevolking). Tog is daar 'n voortdurende neiging tot formalisme en institusionalisme. Dit kan byvoorbeeld daartoe lei dat daar soveel aandag gegee word aan hoe 'n saak formeel op die tafel kom en wat die kerkorde-, of kerkwetvereistes daaroor is, dat die inhoudelike van die saak self en dit wat die Skrif daaroor sê, nie na waarde aan die orde gestel kan word nie, of glad nie aan die orde gestel word nie. Die lewende evangelie en lewende getuienis word op hierdie manier deur die kerkorde of die kerkwet verdring. So 'n benadering lei ook tot 'n klimaat waarin mense eerder die weg van formele aanklagte opgaan as die weg van liefde en persoonlike gesprek (Matt. 18). Die kerk word gevolglik gekenmerk deur 'n gees van vervolging en vrees eerder as van oorreding en spontaneïteit.

Christus het teen formalisering en institusionalisering van denke getuig en het veral die Fariseërs en Skrifgeleerdes daaroor aan die kaak gestel. Hy het bevryding gebring vir die menslike gees: bevryding vir 'n ware persoonlike lewe as gelowige en vir persoonlike oortuiging en getuienis. Hierdie bevryding geld ook vir die benadering oor die burgerlike owerheid ("Gee aan die keiser wat die keiser toekom en aan God wat God toekom" - Matt. 22:21). Die formele en institusionele benadering is deur Christus deurbreek en tegelykertyd is die weg geopen vir getuienis oor God, asook vir roepingsvervulling binne 'n institusionele verband.

## 9. Passiwiteit en isolasie

Soms word die beswaar gehoor dat in Suid-Afrika druk op die owerheid uitgeoefen word om 'n lewenspatroon en sedes af te dwing wat seksioneel is en selfs nie 'n groot deel van die Christelike bevolking se oortuiging oor hierdie sake vertolk nie (vgl. Anon., 1992). In hierdie artikel kan nie op die geldigheid al dan nie van hierdie stelling ingegaan word nie maar word na 'n ander kant van die saak gekyk. Owerheidsbemoeienis oor verskillende sake, soos leesstof en bywoning van vertonings op Sondae, gaan tans oor die algemeen gepaard met 'n passiwiteit by Christene, met 'n soort institusionaliseringsdenke en -benadering. Oor die algemeen is dit byvoorbeeld nie eie persoonlike beslissing en keuse wat die deurslag gee of sekere publikasies gelees of sekere vertonings op Sondae bygewoon word nie, maar die verbod, al dan nie, deur die owerheid. Selfs die kerke wat om 'n verbod op hierdie dinge vra, tree blykbaar self nie teen lidmate op as hulle in hierdie verband oortree nie. Die kerke verwag dus van die owerheid wat hulleself nie bereid is om te doen nie, en dit terwyl optrede oor hierdie sake veel sterker tot die terrein van die kerk behoort.

'n Institusionaliseringsbenadering maak dit vir 'n Christenowerheid onmoontlik om (belasting-)geld aan mense van ander godsdienste te voorsien om skole te onderhou waarin hulle kinders onderrig kan word volgens hulle godsdienstige oortuiging. Tog is die gees van Christelik-Nasionale onderwys dat elke groep ouers hierop aanspraak het – 'n benadering wat in ooreenstemming is met die woorde van Christus: "Doen aan ander soos jy wil hê dat hulle aan jou moet doen", en met die gees van Christus se regseis om aan die keiser te gee wat hom toekom. Genoemde benadering lê dus struikelblokke in die weg om reg en geregtigheid teenoor alle burgers te laat geskied. Voorts kan die lewe so institusioneel en die staat so absoluut geag word dat staatkundige samewerking met ander mense as die eie groep, uitgeskakel word. Christene kan hulleself hiermee staatkundig heeltemal uitrangeer deurdat hulle nie bereid is om ander te akkommodeer nie. Daardeur bly uiteindelik slegs 'n klein geïsoleerde groepie sonder inisiatief en invloed oor – 'n groep wat dan tog deur daardie ander geakkommodeer moet word.

Dat die Skrif nie slegs 'n neutrale taak ten opsigte van die godsdiens aan die owerheid toeken nie, is duidelik (vgl. ook die bespreking van art. 36 NGB hier bo). So iets soos Sondagrus en Sondagviering sou ook kwalik kan plaasvind as die ruimte daarvoor nie geskep word en daar nie wetgewing is wat bepaal dat sekere dinge tot stilstand moet kom nie. Die owerheid het ook 'n positiewe taak ten opsigte van die erkenning van God en sy heerskappy (Calvyn, *Institusie* 4.20.1). God is verder nie net 'n God van genade nie maar ook 'n straffende God (Peels, 1992) en eis dat daar nie alleen opgetree moet word as mense oneer aangedoen word nie maar ook wanneer Hy oneer aangedoen word. Tog is dit 'n vraag of

daar in die praktyk nie te veel identiteit en waarde aan die 'staat', 'n instelling, 'n ding, toegeken word as 'n funksionaris van die godsdiens nie, in plaas daarvan dat die staat gesien word as 'n middel om ruimte te skep vir die beoefening van die godsdiens deur persone.

## 10. Samevatting

Volgens die Skrif is die mens geneig om die lewe te verontpersoonlik; hy verontpersoonlik selfs godsdienstige instellings soos die erediens en die verbond en is geneig om dinge, instellings en strukture te absoluteer en om sy heil daarin te soek. Veral die profete trek sterk hierteen te velde en lê die klem op die gesindheid en die daaglikse praktyk. God wil reg en geregtigheid hê eerder as seremoniële optrede en formele belydenis. Christus verkondig dat sy koninkryk 'n ander karakter dra as aardse koninkryke en dat diens daarin beheersend is, nie dwang nie. Hierdie bedeling is nie een van gerealiseerde eskatologie nie maar van reeds-en-tog-nog-nie – 'n benadering wat ook 'n sin vir die werklikheid van die tyd en omstandighede waarin geleef word vereis. Ou-Testamentiese gegewens wys uit dat sedert die ballingskap dit prakties verby is met die koningskap by die verbondsvolk, asook met 'n eie selfstandige regering; die hoop word meer en meer op die toekomstige verlosser gevestig. Die kerk is gebore en het gegroei en gebloei sonder die hulp of positiewe beskerming van die staat. In die tyd van die Nuwe-Testament was die Romeinse owerheid immers 'n heidense owerheid. Die Christen moet selfs 'n heidense owerheid erken en dié gehoorsaam. Hy moet egter orals God se heerskappy erken, daarvan getuig en tot die erkenning daarvan oproep. In die Nuwe Testament word die klem gelê op die indiwiduele gelowige se verantwoordelikheid, veral binne die gemeente as volk van God. Die boek Daniël wys dat gelowige owerheids*persone* in die uitvoering van hulle taak moet getuig van God se heerskappy. So word Christene ook deur Christus opgeroep om oral sy getuies te wees. Hulle getuienis moet 'n oproep tot bekering en tot hervorming impliseer en nie bloot 'n proklamering van veroordeling nie. Die gebrek aan besef van bogenoemde feite en vereistes het in die geskiedenis gelei tot gewetensdwang deur die owerheid. Andersdenkendes, selfs medegelowiges, is veronreg en selfs vervolg, en hulle bloed is vergiet. Dit was tot skade van die beeld van die evangelie.

Daar moet gewaak word teen die oorskatting en absolutering van die betekenis en rol van die 'staat', en dus teen gewetensdwang, formalisme en institusionalisme. Die Skrifgegewens bied in elk geval nie grond vir 'n beskouing dat die staat as sodanig afgodery moet uitroei, ensovoorts nie. Die aard en die verantwoordelikheid van die staat en die kerk moet onderskei word, maar tog nie heeltemal geskei word sodat 'n neutrale staat gevorm word waarin God nie erken word nie. Die klem in hierdie uitgangspunt val egter op die 'owerheid' (vgl. byvoorbeeld hierdie term in art. 36 NGB), bestaande uit owerheidspersone en hulle persoonlike

getuienis en optrede. Formalisme en institusionalisme het 'n verlammende uitwerking op die persoonlike verantwoordelikheid van die owerheidspersone en veral ook die ander landsburgers. Owerheidspersone volstaan maklik met 'n formalistiese seremonie en landsburgers laat dit maklik aan die wetgewers oor om vir hulle keuses en beslissings te doen, asook om andersdenkendes te evangeliseer. So 'n hantering van die saak (en dus van artikel 36 NGB) dien tot stagnering in plaas van om ruimte te skep en beskerming te verleen vir 'n lewenskragtige beoefening van die persoonlike verantwoordelikheid as Christene: om mense deur persoonlike getuienis te bring tot innerlike oortuiging en erkenning van God se heerskappy.

## Bibliografie


ANON, 1992. Better Odds. (Hoofartikel). *The Star:* 12, Sept. 15.

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1965. Handboek der kerkgeschiedenis. I. Den Haag : Bert Bakker/Daamen.

BERYMDE PSALMS EN SKRIFBERYMINGS. 1987. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

BLENKINSOPP, J. 1984. A History of Prophecy in Israel. London : SPCK.

BINDEMANN, W. 1992. Gottesrecht und Menschenrechte. *Theologische Literaturzeitung*, 117(8):562-580.

BRIGHT, J. 1953. The Kingdom of God. New York : Abingdon Press.

CALVYN, J. Institusie. IV. Potchefstroom : CJBF.

CARROLL, R.P. 1986. Jeremiah. Philadelphia: Westminster Press. (The Old Testament Library.)

CHILDS, B.S. 1979. Introduction to the Old Testament as Scripture. London : SCM.

DENTAN, R.C. 1972. The Kingdom of God in the Old Testament. (*In* The Interpreter's One Volume Commentary on the Bible. London: Collins. p. 1159-1166.)

DU TOIT, D.A. 1990. Menseregte? Potchefstroom : PU vir CHO. (IRS-studiestukke, nr. 265.)

EICHRODT, W. 1961. Theology of the Old Testament. I. London : SCM.

FOHRER, G. 1972. Theologische Grundstrukturen des Alten Testaments. Berlin : De Gruyter.

FRAME, J.M. 1989. Toward a Theology of the State. *Westminster Theological Journal*, 51:199-226.

GEREFORMEERDE EKUMENIESE SINODE, POTCHEFSTROOM. 1958. Acta. s.n.

GEREFORMEERDE OECUMENISCHE SYNODE, AMSTERDAM, 1949. Acta. s.n.

GISPEN, W.H. 1932. De Geloofsbelijdenis der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. Kampen : Kok.

GKSA, 1949. Handelinge van die Dertigste Sinodale Vergadering. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

GKSA, 1979. Handelinge van die Veertigste Sinodale Vergadering. Potchefstroom : Administratiewe Buro.

GRAY, J. 1979. The Biblical Doctrine of the Reign of God. Edinburgh : Clark.

HELBERG, J.L. 1990. Waarom Jahwe weier dat Dawid die tempel bou. *In die Skriflig*, 24(2):167-183.

HELBERG, J.L. 1991. 'n Toets vir Gereformeerde ekumene. *In die Skriflig*, 25(4):485-503.

HELBERG, J.L. 1992. Die basis en dryfkrag van die geregtigheidseis by die Groot Profete. *Koers*, 57(2):241-249.

JOHNSON, B. 1989. *sadaq*. (*In* ThWAT. VI. Stuttgart : Kohlhammer. p. 903-924.)

KRATZ, R.G. 1991. Translatio imperii: Untersuchungen zu den aramäischen Danielerzählungen und ihrem theologiegeschictlichen Umfeld. Neukirchen Vluyn : Neukirchener Verlag.

KREUZER, S. 1983. Der lebendige Gott: Bedeutung, Herkunft und Entwicklung einer alttestamentlichen Gottesbezeichnung. Stuttgart : Kohlhammer.

LACOCQUE, A. 1988. Daniel in His Time. Columbia : University of South Carolina Press.

LEBRAM, J.C. 1984. Das Buch Daniel. Zürich : Theologischer Verlag. (Züricher Bibelkommentare.)

MCKANE, W. 1982. Prophet and Institution. *Zeitschrift für die Alttestamentliche Wissenschaft*, 94(2):251-266.

MAIER, G. 1982. Der Prophet Daniel. Wuppertal : R. Brockhaus Verlag. (Wuppertaler Studienbibel.)

PEELS, H.G.L. 1992. God der wrake, God van liefde. *Kerk en Theologie*, 43(4):291-300. Oktober.

POLMAN, A.D.R. s.j. Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis. IV. Franeker : Wever.

PREUSS, H.D. 1992. Theologie des Alten Testaments. II. Stuttgart : Kohlhammer.

REFORMED ECUMENICAL SYNOD. 1983. The RES Testimony on Human Rights. Grand Rapids : s.n.

RUSSELL, D.S. 1964. The Method and Message of Jewish Apocalyptic. London : SCM.

SCHMIDT, W.H. 1983. The Faith of the Old Testament. Oxford : Blackwell.

SPIER, J.M. 1938. Inleiding in de Wijsbegeerte der Wetsidee. Enschede : Uitgeverij "P.P.E.".

STEK, J. 1978. Salvation, Justice and Liberation in the Old Testament. *Calvin Theological Journal*, 13(2):133-165.

VAN DER WALT, J.L. 1992. Die probleem van religieuse/godsdienstige pluralisme en die moontlike hantering daarvan in die onderwys. *Koers*, 57(2):175-188.

VAN DRIMMELEN, L.C. 1990. Kerk en staat. (*In* Van 't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C. Inleiding tot de studie van het kerkrecht. Kampen : Kok. p. 196-206.)

VAN ROOY, H.F. 1991. Die Ou Testament en politieke samewerking met nie-Christene. (*In* Helberg, J.L. *red.* Kerkwees as getuienis in Suid-Afrika vandag. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. p. 31-42.)

VELEMA, W.H. 1980. Discussie over den mensenrechten. Apeldoorn : Willem de Zwijgerstichting.

VRIEZEN, Th.C. 1966. Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen: Veenman.

WELKER, M. 1992. Das Reich Gottes. *Evangelische Theologie*, 52(6):497-512.

WESTERMANN, C. 1978. Theologie des Alten Testaments in Grundzügen. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht. (Grundrisse zum Alten Testament.)

ZIMMERLI, W. 1972. Grundriss der alttestamentlichen Theologie. Stuttgart : Kohlhammer. (Theologische Wissenschaft.)